PSALM 7 : God help die opregtes

'n Klaaglied van Dawid wat hy vir die Here gesing het na aanleiding van die dade van Kus, 'n Benjaminiet.
Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: *Heer my God, by wie ek skuiling, redding soek* – Willem Mathlener 1976

Refrein



Vroue: By U soek ek beskerming, Here my God.
Mans: Help my, red my van almal wat my vervolg,
Vroue: sodat hulle my nie verskeur soos 'n leeu sy prooi nie,
Mans: my nie uitmekaar skeur sonder hoop op redding nie.
Vroue: As ek iets verkeerds gedoen het, Here my God,
Mans: as daar onreg aan my hande kleef,
Vroue: as ek 'n vriend van my kwaad aangedoen het,
Mans: as ek 'n teëstander van my sommer kaalgestroop het,
Almal: mag die vyand my dan agtervolg en inhaal,
my in die grond in trap, my tot in die stof in verneder.
Refrein: God se Naam, die Allerhoogste, prys en loof ek in my lied.
Vroue: Kom tog, Here, in u toorn, tree op teen die verwoede aanslag van my teëstanders.
Mans: Kom my te hulp, U wat bepaal het dat reg sal geskied.
Vroue: Laat al die volke rondom U kom staan; neem hoog bo hulle u plek in op u regterstoel!
Mans: U wat regspreek oor die volke, Here, bevind tog dat ek reg het, Here, dat ek onskuldig is.
Vroue: Maak 'n end aan al die bose dade van die goddelose mense.
Mans: Stel tog die onskuldige in die gelyk.
Almal: U wat die mense deur en deur toets, U is die regverdige God.
Refrein: God se Naam, die Allerhoogste, prys en loof ek in my lied.
Vroue: God wat die opregtes help, U is my beskermer.
Mans: God is 'n betroubare regter, 'n God wat altyd die skuldiges straf.
Vroue: Hy maak sy swaard elke keer weer skerp, Hy span sy boog en lê aan.
Mans: Hy hou dodelike wapens gereed en maak vir Hom brandpyle.
Vroue: Die skuldige is iemand wat swanger geraak het van onreg,
swanger is van kwaad en leuens voortbring.
Mans: Hy grawe 'n diep gat en val self daarin. Sy boosheid tref homself,
en die geweld wat hy beplan het, kom op sy eie kop af.
Almal: Ek wil die Here prys omdat Hy reg laat geskied.
Die Naam van die Here, die Allerhoogste, wil ek besing.
Refrein: God se Naam, die Allerhoogste, prys en loof ek in my lied.